

AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 11'S

- Jy moet die roman nou so goed ken om enige moontlike langvraag ook te beantwoord.
- Ook die kontekstuele vrae toon hoe goed jy die karakters en handeling moet ken.
- Onthou: Beantwoord stapelvrae onder mekaar. As jy die eerste vraag nie ken nie, moet jy 'n strepie trek. Dit moet in die korrekte volgorde beantwoord word soos die vraag gevra word.
- Dit is by al die genres belangrik.
- Maak ook seker dat jy al die kreatiewe opstel in kwartaal voltooi het. Indien nie: vra asb. vir jou vakonderwyser.
- Die Senior Afrikaans Olimpiade word in Augustus 2020 geskryf. Die datum is nog nie bepaal nie.
- **BRING ASB. DIE WERK VAN 3 Aug. 2020 (kontekstuele vraag) ASOOK HIERDIE OPDRAG OP DIE EERSTE SKOOLDAG SAAM.**

VRAAG 1: DROOMDELWERS – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

1 “Lyk soos 'n blêrie elektriese fout,” sê hy vir die vrou. “Ek sal die kar by
2 die garage moet kry. Ons moet die goed uit die kar uit kry.”
3 Die vrou kyk hom onseker aan. Maar die man is weer uit en hy dra 'n
4 klomp goed van die kar af tot op die stoep. Twee koffers, 'n rol bedde-
5 goed en 'n boks. “Het dji daar vir my iets?” vra hy vir die vrou. Sy maak
6 haar beursie oop en haal honderd rand uit.
7 “Wat kan ek hiermee maak? Dji't nie 'n clue wat spare parts kos nie.”
8 Sy haal nog 'n honderd rand uit, maar hy bly vir haar kyk totdat sy 'n
9 laaste vyftigrand uit die beursie haal. “Djulle sal oukei wees?” vra hy.
10 “Moet ons nie liewer saamgaan nie, Johnny?”
11 “Nou maak op djou mind. Dji't gekerm om uit te klim. Nou kerm dji
12 weer om in te klim.”
13 Toe kom Gerald nader en hy kyk na die jong vrou met die hartseer
14 bruin oë. “Is daar iets wat ek kan doen?”
15 “Dis Tommie. Hy't koors,” sê die vrou sag.
16 “Ek is die pastoor hier. Ons huis is net langs die kerk. Julle kan solank
17 by ons kom wag.”
18 “Nou toe,” sê Johnny verlig vir sy vrou, “daar hoor dji wat sê die pries-
19 ter. Ek sal vir djulle daar kom kry, wanneer die kar klaar is. Oukei?”
20 Sy kyk hom bekommerd agterna wanneer hy uitstap.
21 Gerald steek sy hand na die vrou uit. “Ek is Gerald Killian.”

- 1.1 In watter breër verhaalruimte speel die gebeure in hierdie uittreksel af? (1)
- 1.2 Wie is die vrou na wie in reël 3 verwys word? Verduidelik haar rol ten opsigte van versoening in die verhaal. (3)
- 1.3 Watter karaktertrek van Johnny kom duidelik in reël 7 na vore? (1)
- 1.4 Gerald het vantevore ook 'n helpende hand uitgereik. (2)
- Motiveer dié stelling met 'n voorbeeld uit die roman.

- 1.5 Wat was Tommy se uiteindelijke lot en noem wie dit vir hom draagliker gemaak het? (2)
- 1.6 Herlees reël 16–17.
Verduidelik hoe hierdie aanbod innerlike konflik by Gerald veroorsaak het en hoe hierdie aanbod sy verhouding met die Vlakteveleiers beïnvloed het. (2)
- 1.7 Herlees reël 19.
Watter aktuele onderwerp word met Johnny se terugkeer aangespreek? (1)

EN

TEKS B

1 Teen die skemeraand sit Mario by Samuel by die staanplek in die Klein-
2 kloof. Samuel het 'n vuurtjie aangesteek en 'n paar tjoppies braai geurig op
3 die kole. Samuel sit 'n CD op en klassieke musiek begin deur die klo-
4 we weergalm. Mario kyk na Samuel se ernstige gesig in die lig van die
5 vlamme.
6 "The Van Hellberg girl ... you know her well?"
7 Samuel kyk nie na hom nie. "Not too well," sê hy ontwykend.
8 "I like her," sê Mario.
9 "Why?"
10 Mario se donker oë is die ene passie. "Sammy boy, she is extremely
11 rare ... scarso. And complicated. She carries a lot of sorrow inside. Like
12 *Verde dolorosa*."
13 Samuel kyk hom peinsend aan.
14 Mario se stem raak sag: "We'll be mining our dreams upon the place of
15 her grief. So we shall name the new granite 'Dream Dolorosa'."
16 Samuel kyk in die vuur. "Dream Dolorosa ... perfect."

17 *Rebekka en Tommie het drie dae lank by ons gebly. Hulle het innie sitka-*
18 *mer geslaap. Al twee Rebekka se oë was toegeswel gewies. Haar lippe*
19 *oek. Sy't sleg gelyk. Daar was blou merke op haar arms.*

20 Gerald kyk af op die slapende Rebekka. Sy lê in 'n klein bondeltjie op die
21 rusbank. Hy sit die koppie tee op 'n tafeltjie neer en trek die kombers oor
22 haar rug. Hy kyk na haar opgeswelde gesig. Twee emosies oorweldig
23 hom. 'n Oneindig diep deernis; ook 'n wraaksugtige woede. As hy ooit weer
24 vir Johnny Cupido sien ... die hemel behoed hom.

- 1.8 Watter stemming word in reëls 1–5 geskep? (1)
- 1.9 Om watter redes antwoord Samuel in reël 7 ontwykend? (2)
- 1.10 Mario se koms na Vlaktevei het 'n positiewe invloed op Leendra se verhouding met Samuel en op die Vlakteveleiers.
Evaluateer die korrektheid van hierdie stelling. (3)

1.11 Herlees reëls 14 en 15.

Hoe sluit hierdie reëls by die titel aan? Na watter ruimte en hartseer verwys Mario? (3)

1.12 Wat het die onderstreepte karakter in reël 3 (Teks **A**) en die onderstreepte karakters in reël 1 (Teks **B**) in gemeen? Watter karakter maak 'n einde aan Leendra se innerlike konflik en watter aandeel het die vrou in Teks **A** in die versoening tussen Gerald en Jamaina? Motiveer watter een van hierdie drie karakters het volgens jou die meeste opgeoffer? (4)
[25]